Heidelbergse Kategismus

Sondag: 10

Heidelbergse Kategismus

Sondag: 10


Vraag 27: Wat verstaan jy onder die voorsienigheid van God?	Antwoord: Die almagtige en oralteenwoordige krag van God waardeur Hy hemel en aarde en al die skepsels asof met sy hand nog onderhou en so regeer dat lower en gras, reën en droogte, vrugbare en onvrugbare jare, voedsel en drank, gesondheid en siekte, rykdom en armoede en en alles, ons nie per toeval nie, maar uit sy Vaderhand toekom.
Vraag 28: Wat baat dit ons dat ons weet dat God alles geskep het en dit nog deur sy voorsienigheid onderhou?	Antwoord: Dat ons in alle teëspoed geduldig en in voorspoed dankbaar kan wees. Verder dat ons ook vir die toekoms 'n vaste vertroue in ons getroue God en Vader kan stel dat geen skepsel ons van sy liefde sal skei nie, aangesien alle skepsels so in sy hand is dat hulle sonder sy wil nie kan roer of beweeg nie.

Heidelbergse Kategismus

Sondag: 10

Vraag 27: Wat verstaan jy onder die voorsienigheid van God?

Antwoord: Die almagtige en oralteenwoordige krag van God



Jesaja 29:15–16: Wee hulle wat planne vir die HERE diep wegsteek! Hulle dade vind in die donker plaas, en hulle sê: "Wie sien ons en wie ken ons?" Julle verdraai alles! Of moet die pottebakker beskou word as gelykwaardig met die klei, dat die maaksel vir sy maker kan sê, "Jy het my nie gemaak nie", en dit wat gevorm is vir die pottebakker sê, "Hy verstaan nie"?

Jeremia 23:23–24: Is Ek net 'n God wat naby is," is die uitspraak van die HERE, "en nie ook 'n God wat ver is nie? Of kan iemand in geheime plekke wegkruip, en Ek hom nie sien nie?" is die uitspraak van die HERE. "Vul Ek nie die hemel en die aarde nie?" is die uitspraak van die HERE.

Esegiël 8:12: Hy sê toe vir my: "Het jy gesien, mensekind, wat die oudstes van die huis van Israel besig is om te doen in die donker, elkeen in sy binnekamers vol afbeeldings? Want hulle sê, 'Die HERE sien ons nie; die HERE het die land verlaat.' "


Handelinge 17:25–28: Hy word ook nie deur menslike hande bedien, asof Hy aan iets behoefte het nie – dit is Hy wat aan almal lewe en asem, ja alles, gee. Uit een mens het Hy al die nasies van die mensdom gemaak om die hele aarde te bewoon. Hy het vir hulle vasgestelde tye gegee en die grense van hulle woongebied bepaal, sodat hulle God kon soek, en miskien na Hom sou uitreik en Hom sou vind, aangesien Hy nie ver van een van ons af is nie. Want deur Hom leef ons, beweeg ons en bestaan ons, soos sommige van julle digters inderdaad gesê het, " 'Ons is ook van sy geslag.

Heidelbergse Kategismus

Sondag: 10

Vraag 27: Wat verstaan jy onder die voorsienigheid van God?

Antwoord: Die almagtige en oralteenwoordige krag van God waardeur Hy hemel en aarde en al die skepsels asof met sy hand nog onderhou en so regeer




Hebreërs 1:3: Hy is die uitstraling van God se heerlikheid, en die ewebeeld van sy wese. Hy hou alles in stand deur sy magtige woord; en nadat Hy die reiniging van sondes bewerk het, het Hy gaan sit aan die regterhand van die Majesteit in die hoogtes.

Heidelbergse Kategismus

Sondag: 10

Vraag 27: Wat verstaan jy onder die voorsienigheid van God?

Antwoord: Die almagtige en oralteenwoordige krag van God waardeur Hy hemel en aarde en al die skepsels asof met sy hand nog onderhou en so regeer dat lower en gras, reën en droogte,



Jeremia 5:24: Hulle het nie by hulleself gedink nie, Ons moet tog ontsag hê vir die HERE ons God, vir Hom wat reënbuie gee – vroeë en laatreëns, elkeen op sy tyd, vir Hom wat die vasgestelde weke van die oes vir ons in stand hou.


Handelinge 14:17: maar tog het Hy geen onduidelike getuienis van Homself gegee nie, deur goeie dinge te doen: Hy het uit die hemel aan julle reën en vrugbare seisoene gegee, en julle liggame met kos en julle harte met vreugde gevul."

Heidelbergse Kategismus

Sondag: 10

Vraag 27: Wat verstaan jy onder die voorsienigheid van God?

Antwoord: Die almagtige en oralteenwoordige krag van God waardeur Hy hemel en aarde en al die skepsels asof met sy hand nog onderhou en so regeer dat lower en gras, reën en droogte, vrugbare en onvrugbare jare, voedsel en drank, gesondheid en siekte,




Johannes 9:3: Jesus het geantwoord: "Nóg hy, nóg sy ouers het gesondig; maar dit het gebeur sodat die dade van God in hom geopenbaar kan word.

Heidelbergse Kategismus

Sondag: 10

Vraag 27: Wat verstaan jy onder die voorsienigheid van God?

Antwoord: Die almagtige en oralteenwoordige krag van God waardeur Hy hemel en aarde en al die skepsels asof met sy hand nog onderhou en so regeer dat lower en gras, reën en droogte, vrugbare en onvrugbare jare, voedsel en drank, gesondheid en siekte, rykdom en armoede




Spreuke 22:2: Rykes en armes het dít gemeen: Die HERE het hulle almal gemaak.

Heidelbergse Kategismus

Sondag: 10

Vraag 27: Wat verstaan jy onder die voorsienigheid van God?

Antwoord: Die almagtige en oralteenwoordige krag van God waardeur Hy hemel en aarde en al die skepsels asof met sy hand nog onderhou en so regeer dat lower en gras, reën en droogte, vrugbare en onvrugbare jare, voedsel en drank, gesondheid en siekte, rykdom en armoede en alles, ons nie per toeval nie, maar uit sy Vaderhand toekom.




Spreuke 16:33: Die lot word gewerp in die vou van die kleed, maar elke beslissing daarvan kom van die HERE.

Matteus 10:29: "Word twee mossies nie vir 'n assarius verkoop nie? En nie een van hulle sal op die grond val sonder julle Vader nie.

assarius: 'n Romeinse kopermuntstuk wat 1/16 van 'n denarius werd was

Vraag 28: Wat baat dit ons dat ons weet dat God alles geskep het en dit nog deur sy voorsienigheid onderhou?

Antwoord: Dat ons in alle teëspoed geduldig



Job 1:21–22: Hy het gesê: “Naak het ek uit my moeder se skoot gekom, en naak sal ek na die skoot van die aarde terugkeer. Die HERE het gegee en die HERE het geneem. Mag die Naam van die HERE geprys word!” Ondanks dit alles het Job nie gesondig nie en aan God niks ongerymds toegeskryf nie.


Psalm 39:10: Neem u teistering van my af weg; onder die krag van u hand vergaan ek.

Romeine 5:3: Maar dis nie al nie: Ons beroem ons ook op ons verdrukking, omdat ons weet verdrukking bewerkstellig volharding

Jakobus 1:3: omdat julle weet dat, as julle geloof getoets word, dit volharding meebring.

Vraag 28: Wat baat dit ons dat ons weet dat God alles geskep het en dit nog deur sy voorsienigheid onderhou?

Antwoord: Dat ons in alle teëspoed geduldig en in voorspoed dankbaar kan wees.




Deuteronomium 8:10: Jy sal eet en versadig word en die HERE jou God prys oor die goeie land wat Hy aan jou gegee het.

1 Tessalonisense 5:18: wees in alle omstandighede dankbaar; want dit is God se wil vir julle in Christus Jesus.

Vraag 28: Wat baat dit ons dat ons weet dat God alles geskep het en dit nog deur sy voorsienigheid onderhou?


Antwoord: Dat ons in alle teëspoed geduldig en in voorspoed dankbaar kan wees. Verder dat ons ook vir die toekoms 'n vaste vertroue in ons getroue God en Vader Vader kan stel dat geen skepsel ons van sy liefde sal skei nie,



Romeine 8:38–39: Ek is immers daarvan oortuig dat nóg dood, nóg lewe, nóg engele, nóg magte, nóg teenswoordige, nóg toekomstige gebeure, nóg kragte, nóg hoogte, nóg diepte, nóg enigiets anders in die skepping, ons sal kan skei van die liefde van God in Christus Jesus, ons Here.

Vraag 28: Wat baat dit ons dat ons weet dat God alles geskep het en dit nog deur sy voorsienigheid onderhou?

Antwoord: Dat ons in alle teëspoed geduldig en in voorspoed dankbaar kan wees. Verder dat ons ook vir die toekoms 'n vaste vertroue in ons getroue God en Vader Vader kan stel dat geen skepsel ons van sy liefde sal skei nie, aangesien alle skepsels so in sy hand is dat hulle sonder sy wil nie kan roer of beweeg nie.



Job 1:12: Die HERE sê toe vir die satan: "Kyk, alles wat aan hom behoort, is in jou hand. Net na homself mag jy jou hand nie uitsteek nie." Die satan het toe uitgegaan, weg van die HERE af.

Job 2:6: Die HERE sê toe vir die satan: "Kyk, hy is in jou hand, maar sy lewe moet jy spaar."

Spreuke 21:1: Die koning se hart is waterstrome in die hand van die HERE: Hy lei dit waarheen Hy wil.

Handelinge 17:25–28: Hy word ook nie deur menslike hande bedien, asof Hy aan iets behoefte het nie – dit is Hy wat aan almal lewe en asem, ja alles, gee. Uit een mens het Hy al die nasies van die mensdom gemaak om die hele aarde te bewoon. Hy het vir hulle vasgestelde tye gegee en die grense van hulle woongebied bepaal, sodat hulle God kon soek, en miskien na Hom sou uitreik en Hom sou vind, aangesien Hy nie ver van een van ons af is nie. Want deur Hom leef ons, beweeg ons en bestaan ons, soos sommige van julle digters inderdaad gesê het, "'Ons is ook van sy geslag.'"

Heidelbergse Kategismus

Sondag: 10

SONDAG 10 – VRAAG EN ANTWOORD: 27

Vraag: Wat verstaan jy onder die voorsienigheid van God?

Antwoord: Die almagtige en oralteenwoordige krag van God[1] waardeur Hy hemel en aarde en al die skepsels asof met sy hand nog onderhou en so regeer[2] dat lower en gras, reën en droogte[3], vrugbare en onvrugbare jare, voedsel en drank, gesondheid en siekte[4], rykdom en armoede[5] en alles, ons nie per toeval nie, maar uit sy Vaderhand toekom[6].

1 Jesaja 29:15–16; Jeremia 23:23–24; Esegiël 8:12; Handelinge 17:25–28
2 Hebreërs 1:3
3 Jeremia 5:24; Handelinge 14:17
4 Johannes 9:3
5 Spreuke 22:2
6 Spreuke 16:33; Matteus 10:29

SONDAG:10 – VRAAG EN ANTWOORD: 28

Vraag: Wat baat dit ons dat ons weet dat God alles geskep het en dit nog deur sy voorsienigheid onderhou?

Antwoord: Dat ons in alle teëspoed geduldig[1] en in voorspoed dankbaar[2] kan wees. Verder dat ons ook vir die toekoms 'n vaste vertroue in ons getroue God en Vader[3] kan stel dat geen skepsel ons van sy liefde sal skei nie[4], aangesien alle skepsels so in sy hand is dat hulle sonder sy wil nie kan roer of beweeg nie[5].

1 Job 1:21–22; Psalm 39:10; Romeine 5:3; Jakobus 1:3
2 Deuteronomium 8:10; 1 Tessalonisense 5:18
3 Psalm 55:23; Romeine 5:4
4 Romeine 8:38–39
5 Job 1:12; Job 2:6; Spreuke 21:1; Handelinge 17:25–28

Kopiereg

© 2026